

191.T.3(20A)

AFRIKAANSE NASIONALE KULTUURRAAD IN PORT ELIZABETH

Op 6 Oktober vind die vergadering van die Afrikaanse Nasionale Kultuurraad in Port Elizabeth plaas. Die A.N.K., wat bestaan uit afgevaardigdes van bv. Afrikaanse kerke, vrouevereniginge, onderwysersvereniginge, jeugorganisasies en ander groot Afrikaanse organisasies, is 'n verteenwoordigende liggaam van Afrikaners dwarsdeur ons land. Dit is op één na die hoogste gesag binne die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge en vergader om die twee jaar, t.w. in die jaar waarin die hoogste gesag, die Kongres, nie byeenkom nie.

Op vergaderinge van die A.N.K. kom belangrike beleidsake van die F.A.K. ter sprake, en word ook gewoonlik aan die een of ander aktuele vraagstuk, wat uit nasionale en kulturele oogpunt vir die Afrikaner van belang is, aandag gewy. Ooreenkomstig hierdie patroon sal op die vergadering in Port Elizabeth, saam met F.A.K.-sake soos gebiedsrade en ander belangrike beleidskwessies, veral die vraagstuk van die inburgering van die immigrant in ons volkslewe, bespreek word.

Van die kant van die Staat word vandag veel gedoen om die immigrant in sy nuwe vaderland by te staan, bv. deur die verskaffing van huisvesting, werkgeleenthede en opleiding. Maar dit is terselfdertyd noodsaaklik dat die publiek - en by name Afrikaanssprekendes - 'n goeie begrip sal hê van die probleme waarmee die immigrant in sy moeilike inskakelingstyd te kampe kry. Die publiek moet voorgelig word om op positiewe wyse 'n bydrae te lewer om die immigrant te help, sodat hy hom so gou doenlik sal tuis voel en hom met welslae sal kan inskakel.

Die A.N.K. sal veral aan die immigrante-vrou en die immigrante-kind aandag wy. Dit is immers die vrou wat in die nuwe land dikwels die swaarste moet worstel met die probleem van vereensaming, terwyl die kind in die skool begrypplikerwyse met besondere moeilikhede te doen kry.

Vanselfsprekend kan sulke vraagstukke nie indringend en vrugbaar behandel word as deskundige leiding nie beskikbaar is nie. Die Uitvoerende Komitee van die F.A.K. was gelukkig om hiervoor die medewerking van gesaghebbendes te verkry. Op die A.N.K.-vergadering sal die openingsrede waargeneem word deur mnr. F.G. Barry, Sekretaris van Immigrasie,

terwyl/.....

terwyl prof. Erika Theron ingewillig het om 'n referaat oor die inburgering van die immigrant te lewer. Dit is noodsaaklik geag dat ook van die kant van die immigrant die saak openhartig gestel word; en hiertoe het prof. Jan van der Meulen ingewillig. As Nederlandse immigrant wat reeds enige jare in Suid-Afrika woon en hom ten volle hier ingeburger het, sal hy met gesag kan praat.

Die voorgenome byeenkoms te Port Elizabeth beloof om 'n interessante, leersame geleentheid te word, 'n geleentheid wat vir Suid-Afrika in die algemeen van betekenis kan wees, en wat insonderheid vir Port Elizabeth, as een van die toegangspoorte tot ons land en as stad met 'n groeiende Afrikanergemeenskap, aansienlike waarde kan hê.

(w.g.) H.B. Thom,
VOORSITTER, F.A.K.

Stellenbosch,
15 September 1965.